Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 31 JANUARIE 2018 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, en amptenare. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan me Mariaan Roos, as verteenwoordiger van die Eksterne Ouditkomitee van die Munisipaliteit, asook aan Ds Jacobus Snyders van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Swartland Moedergemeente.

Ds Snyders open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Desember en Januarie verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl L E Mfutwana.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: WATER SITUASIE

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, om die Raad toe te lig insake die waterkrisis en die pad vorentoe – vir volledigheidshalwe word die voorlegging aangeheg as Aanhangsel A.

Die voorlegging handel, onder andere, met verlaagde reënvalsyfers oor die afgelope jare (2017 laagste reënvalsyfer sedert 1896) met gepaardgaande lae damvlakke, onttrekking

3.1/...

uit Voëlvleidam deur landbouers en onderskeie owerhede en gebeurlikheidsplanne om die waterkrisis te bestuur.

Rdh T van Essen gee die versekering dat die waterkrisis op ‘n daaglikse basis bestuur word, en dat daar elke Vrydag ‘n vergadering plaasvind om te besin aangaande die onderskeie fases van die rampbestuursplan.

Die Munisipaliteit is tans in fase 1 wat, onder andere, die volgende behels:

- Vlak 6-waterbeperkings (sien item 7.6), wat insluit streng beperkings op toelaatbare waterverbruik (50 liter per persoon per dag);
- Verbeterde kommunikasie, waaronder bewusmakingsveldtogte en die bestuur van groot waterverbruikers;
- Tegniese ingrypings, onder meer waterdruk- en watervloeibestuur, die aanbring van boorgate op strategiese plekke, intervensies om toegang tot die oorblywende watervoorraad onder die 12%-vlak van die Voëlvleidam te verkry.

Rdl Van Essen noem dat die implementering van Fases 2 en 3 slegs vermy kan word as alle waterverbruikers hierdie streng beperkings nakom.

VIR KENNISNAME

[Nota: Op versoek van rdl D B Philander word item 7.6 direk na afloop van die voorlegging deur die Uitvoerende Burgemeester hanteer, weens die verband tussen die items.]

7.6 IMPLEMENTERING VAN VLAK 6-WATERBEPERKINGS (16/1/1/7)

Die Uitvoerende Burgemeester verduidelik dat Stad Kaapstad reeds vlak 6B-waterbeperkings geïmplementeer het. Opdrag is ontvang om die gebruik van drinkbare water te verminder vanaf 60 liter/persoon/dag na 50 liter/persoon/dag.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat Vlak 6 waterbeperkings met ingang vanaf 1 Februarie 2018 geïmplementeer word, ingevolge waarvan waterverbruik beperk word tot 50 liter per persoon per dag;
(b) Dat alle ander Vlak 5 maatreëls onveranderd onder Vlak 6 sal geld, en geen tariefaanpassings in hierdie stadium gemaak word nie;
(c) Dat ‘n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, en by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 OKTOBER 2017

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Oktober 2017 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 11 OKTOBER 2017, saamgelees met
NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 4 OKTOBER 2017

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 NOVEMBER 2017, saamgelees met **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 8 NOVEMBER 2017**

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 6 DESEMBER 2017

5.4 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 DESEMBER 2017

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 4 OKTOBER 2017

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 19 OKTOBER 2017

6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 16 NOVEMBER 2017

6.4 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 22 NOVEMBER 2017

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2016/2017 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)

Die 2016/2017 Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê ingevolge artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die konsep jaarverslag is apart tot die sakelys aan alle raadslede gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2016/2017 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 29 Maart 2018 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:

7.1(c)/...

- die eksterne finansiële ouditkomitee;
- twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(d) Dat lede van die wykskomitees ook ‘n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 29 Maart 2018 by te woon;

(e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 29 Maart 2018.

7.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): OKTOBER - DESEMBER 2017 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 2 soos op 31 Desember 2017 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Speaker gee geleentheid vir raadslede om te reageer op die voorlegging van die kwartaalverslag. Rdl F S Humphreys spreek haar kommer uit, met verwysing na paragraaf 1.2 van die kwartaalverslag, dat nadat daar ‘n uur van die vergadering bestee is aan die waterkrisis, die verslag aandui dat daar geen probleme of risiko’s tans die Munisipaliteit in die gesig staar nie.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem dat Swartland Munisipaliteit, sowel as die Wes-Kaap, erken dat die waterkrisis ‘n groot risiko inhou, en dat die impak daarvan op die ekonomie wat eers oor ‘n paar jaar ervaar sal word, ook drastiese gevolge sal hê.

Die waterkrisis wat tans ervaar word het ook verbruikers gedwing om anders oor water te dink en die opgaar en herverbruik daarvan, en daarom sal dit nodig wees dat die Raad die waterbegroting moet hersien. Die aansuiweringsbegroting dui ‘n geringe tekort van R25 000 op die R28 miljoen waterbegroting aan, en daarom is dit nie nodig om addisionele heffings – soos in die geval van Stad Kaapstad – op te lê nie.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik ook dat ‘n verdere uitdaging is om enige tipe alternatiewe waterbron, bv. boorgatwater, terug in die waternetwerk te kry. Daar sal begin word om boorgate in die gebiede van Chatsworth en Riverlands te boor.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober 2017 tot 31 Desember 2017.

7.3 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die MFMA bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester moet dan ingevolge artikel 54(f) van die MFMA jaarliks teen 31 Januarie die evalueringsverslag aan die munisipale raad voorlê.

7.3/...

Die Halfjaarlikse Begrotings- en Prestasieverslag is opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009).

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die artikel 72-verslag en noem dat hierdie evaluasie ‘n verpligte voorloper tot die aansuiweringsbegroting is.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2017/2018 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

7.4 GOEDKEURING VAN DIE 2017/2018 JAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/4)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, om hoogtepunte uit die aansuiweringsbegroting met die Raad te behandel. Rdl Van Essen fokus op die items wat aangesuiwer is om voorsiening te maak vir mitigering van die waterkrisis.

Rdl D B Philander verwys na items in die aansuiweringsbegroting en noem, namens die ANC-koukus, dat daar nie met al die lede van die Raad beraadslaag word nie, en dat ’n apartheidsbenadering gevolg word wanneer begrotings opgestel word, bv. in die Stadsaal word lugverkoelingstelsel ingesit, en in Riebeek Kasteel is daar nie ’n gemeenskapsaal waar daar met die gemeenskap vergader kan word nie. Hierdie benadering is nie bevorderlik tot ekonomiese en ruimtelike ontwikkeling wat kan bydra tot die gelykstelling van gemeenskappe nie.

Die Uitvoerende Burgemeester, ook bevestig deur die Munisipale Bestuurder, noem dat die aansuiweringsbegroting aan streng wetgewende vereistes moet voldoen, en nie vir die doeleindes soos vermeld deur rdl Philander aangepas sal kan word nie.

Rdl D B Philander noem dat die aansuiwering van die begroting, binne die neergelegte raamwerk, as ’n geleentheid gesien word om hande te vat in die Raad om gemeenskappe gelyk te stel, aangesien die Uitvoerende Burgemeester by ’n vorige geleentheid die uitnodiging tot samewerking gerig het.

Die Speaker versoek dat die Uitvoerende Burgemeester en die ANC-koukus ’n vergadering belê om, met die oog op toekomstige begrotings, voorstelle te bespreek aangaande die hantering van insette tot die begroting.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 16 stemme ten gunste daarvan, en ses raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het nadat hulle die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure oorweeg het;

(b) Dat kennis geneem word dat die wysigings aan die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2017/2018 finansiële jaar nie, maar wel lei tot ‘n verhoging in die begrote surplus vanaf R 30 482 818 na ‘n begrote surplus van R 62 109 553;

(c) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings wat alreeds deur Provinsiale Tesourie goedgekeur is t.o.v. die 2016/2017 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2017 en uiteengesit in Bylae B;

7.4/...

(d) Dat die ongemagtigde bestedings soos hierbo vermeld ingevolge artikel 32 van die MFMA as deel van die 2017/2018 Aansuiweringsbegroting goedgekeur word;

(e) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike begrotingskedules geïdentifiseer is;

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(g) Dat die Dienslewering – en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(h) Dat kennis geneem word dat die begroting ook opgestel is in die mSCOA formaat soos vereis deur Nasionale Tesourie;

(i) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2017/2018 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2017/2018	**Jaarlikse Aansuiwerings-begroting**
Kapitaalbegroting	R 81 242 586	R 100 373 122
Bedryfsuitgawe	R 664 697 875	R 668 442 676
Bedryfsinkomste	R 695 180 693	R 730 552 229
Begrote Surplus/ (Tekort)	R 30 482 818	R 62 109 553
Kapitaal Toekennings	R 35 075 916	R 50 690 842
Surplus/(Tekort)	(R 4 593 098)	R 11 418 711

7.5 RAADSLIDVERGOEDING: 2017/2018 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Goewermentskennisgewing Nr 1440 soos afgekondig in Staatskoerant 41335 gedateer 15 Desember 2017, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2017/2018 finansiële jaar, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder gee terugvoering aangaande stappe wat gedoen is om die afkondiging van raadslidtoelaes te bespoedig. Die Munisipale Bestuurder noem verder dat die implementering van toelaes en byvoordele vir die 2017/2018 finansiële jaar ook tydens 'n SALGA-werkgroepvergadering bespreek sal word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van een raadslid) –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl V D McQuire, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing Nr 1440 soos afgekondig in Staatskoerant 41335 gedateer 15 Desember 2017, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2017/18 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;

(b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2017/18 finansiële begroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek, en dat die Raad goedkeuring gevolglik verleen vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 1 Julie 2017;

7.5/…

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die maandelikse toelaag van R300 ten opsigte van data-pakkette (met verwysing na paragraaf 3.7 van die verslag) ingevolge die “Tools of Trade Policy” aan alle raadslede betaal word;

(d) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele, asook beskikbaarstelling van ‘*Tools of Trade*’ aan raadslede soos vervat in Aanhangsel C tot hierdie verslag;

(e) Dat die Munisipale Bestuurder hom vergewis dat die inligting wat in terme van Paragraaf 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word teen nie later nie as 28 Februarie 2018 aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word.

7.6 IMPLEMENTERING VAN VLAK 6-WATERBEPERKINGS (16/1/1/7)

[Nota: Sien item 3.1.]

7.7 WYSIGING AAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET INGANG VAN 1 FEBRUARIE 2018 (2/3)

Artikel 66 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is om die organisatoriese struktuur te ontwikkel, wysingings ingesluit, waarna dit deur die Raad goedgekeur moet word.

Die verslag tot die sakelys motiveer die wysigings van die organisatoriese struktuur ten opsigte van die Direktoraat: Beskermingsdienste en die Direktoraat: Korporatiewe Dienste onderskeidelik.

Rdl D B Philander lewer ’n pleidooi dat gelykheid, ook met verwysing na die aanstel van vroulike amptenare in bestuursposisies, in die topstruktuur bevorder moet word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die Raad die wysigings aan die organisatoriese struktuur ten opsigte van Beskermingsdienste en Korporatiewe Dienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 Februarie 2018.

7.8 VOORGESTELDE VERKLARING VAN BEWARINGSGEBIEDE: KLIPKOPPIE EN DRIEHOEKSPAD, MALMESBURY (17/11/B, 17/9/2/2/2-2)

’n Omgewingsimpakstudie is uitgevoer op Erf 946, Chatsworth (groot, 7488 m²) wat geoormerk was vir die ontwikkeling van sportfasiliteite. Die studie het bevind dat Erf 946 ’n baie hoë bewaringswaarde het en as ’n kritieke biodiversiteitsarea beskou word.

As kompensering vir die verlies van die bewaringsgebied in Chatsworth moet sg. biodiversiteitsafsetgebiede elders geïdentifiseer word. Die volgende gebiede is geïdentifiseer om as beswaringsgebiede verklaar en bestuur te word in terme van die *National Environmental Management Protected Areas Act, 2003 (NEMPA)* in samewerking met *CapeNature*:

- Klipkoppie (± 250 ha)
- Driehoekspad (± 67 ha)
- Darling Groenekloof: Erf 2271, Darling (15,3746 ha)
- Darling Renosterveld: Erf 4369, Darling (35,1236 ha)
- Yzerfontein: 26 erwe, ± 83,9767 ha groot

Die Driehoekspad en Klipkoppie is intussen opgemeet as:

- Erf 12353 Malmesbury: 60,8057 ha (Driehoekspad)
- Erf 12357 Malmesbury: 19,0860 ha (Klipkoppie)

Rdl D B Philander teken beswaar aan dat die bewaringsgebied binne ’n wit-gebied gevestig word.

[Op ’n punt van orde noem rdl Fortuin dat daar nie meer wit-gebiede bestaan nie.]

Rdl D B Philander/...

7.8/...

Rdl D B Philander gaan voort deur na vorige wit-gebiede te verwys en noem dat daar geen ekonomiese uitvloei vir voorheen benadeelde gebiede sal wees as daar voortgegaan word om fondse in vorige wit-gebiede te spandeer. Daar word ook verneem of gebruike soos vierwielmotorfietse en *paintball*-skiet nog steeds in die bewaringsgebied toegelaat sal word.

Die Uitvoerende Burgemeester vestig die aandag daarop dat alle groepsgebiede na 1994 afgeskaf is, en teken beswaar aan dat die ANC dit nie so sien nie. Die afsetgebiede is geïdentifiseer om op te maak vir die verlies aan biodiversiteitsgebiede met die vestiging van Chatsworth Sportgronde en die beskikbaarstelling van gedienste erwe in Ilinge Lethu – beide hierdie gebiede word gesien as voorheen benadeelde gebiede.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat enige natuurbewaringsgebied gestig word om die natuur vir die totale nageslag van Suid-Afrika te bewaar.

Rdl D B Philander bevestig sy standpunt dat die DA die Raad mislei deur ontwikkeling slegs in sekere gebiede te laat realiseer en ander gebiede in die munisipale area steeds vernalatig word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat Swartland Munisipaliteit begerig is om ‘n Notariële Ooreenkoms in terme van artikel 23(3) van die Wet op Nasionale Omgewingsbewaring, 2003 (Wet Nr. 57 van 1998), soos gewysig, met die Lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad vir Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aan te gaan om ondergemelde eiendomme of gedeeltes daarvan te bestuur ingevolge sodanige terme en voorwaardes soos vervat te word in die dokument, die eiendomme synde:

Erf 12353 Malmesbury, geleë in die Munisipaliteit Swartland Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap;
60, 8057 (Sestig komma Agt Zero vyf Sewe) hektaar
Gehou onder Titelakte Nr. (om bevestig te word);

Erf 12357 Malmesbury, geleë in die Munisipaliteit Swartland Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap;
19,0860 (Negentien komma Zero Agt Ses Zero) hektaar
Gehou onder Titelakte Nr. (om bevestig te word);

Erf 12355 gedeelte van Erf 327 Malmesbury, geleë in die Munisipaliteit Swartland Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap;
285,6723 (Twee Honderd en Tagtig Vyf komma Ses Sewe Twee Drie) hektaar
Gehou onder Titelakte Nr. (om bevestig te word);

(b) Dat Madelaine Sophia Terblanche (ID 6410021047083) in haar hoedanigheid as Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die relevante dokumente namens Swartland Munisipaliteit te mag onderteken soos wat nodig mag wees.

7.9 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ERF 331, ABBOTSDALE (15/3/1, 12/2/5/2-1/1)

Rdl D B Philander, met verwysing na items 7.9 tot 7.11, versoek waarom daar in sommige gevalle nie eerder ’n openbare veiling oorweeg word nie, in plaas van uit-die-hand-vervreemding.

Die Munisipale Bestuurder bevestig die vereistes ingevolge wetgewing en ook die munisipale verordening, soos in die verslag na verwys word, waaraan voldoen moet word alvorens uit-die-hand-vervreemding oorweeg kan word. ’n Belangrike oorweging is dat die betrokke grond slegs funksioneel kan wees as dit aan ’n aangrensende eienaar vervreem word.

Die Munisipale Bestuurder/...

7.9/...

Die Munisipale Bestuurder wys verder daarop dat na afloop van die goedkeuring van die Raad 'n verdere administratiewe proses deurloop word, wat insluit publieke deelname wanneer die voorneme van die Raad deur middel van 'n advertensie in die media bekend gemaak word.

Rdl Z Bekebu verneem op watter wyse, anders as 'n openbare mededingende proses, vasgestel kan word of daar nie enige ander aangrensende eienaar belangstel in die betrokke grond nie, alvorens die uit-die-hand-vervreemding oorweeg word.

Op navraag van rdl F S Humphreys, bevestig die Munisipale Bestuurder dat die munisipale waardasierol gebruik word om die markverwante koopprys te bepaal.

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar van Erf 332, Abbotsdale om Erf 331, Abbotsdale (79 m² groot) vanaf die Raad aan te koop ten einde die twee erwe te konsolideer. Die konsolidasie van vermelde erwe sal toegang tot Erf 332 vergemaklik.

BESLUIT
(op voorstel van rdl V D McQuire, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat Erf 331, Abbotsdale (79 m²) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan mnr J Robertson vir konsolidasie met Erf 332, Abbotsdale, en wel ten bedrae van R4 740,00, BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde grond nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie, aangesien die vorm daarvan nie sinvol sal bydra tot uitbreiding van Hoogstraat nie, en daar ook nie enige behoefte is aan sodanige uitbreiding nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
  (i) Die betrokke grond as 'nie-bestaanbare bate' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie op sy eie as 'n afsonderlike entiteit ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
  (ii) Die vervreemding daarvan vir die koper in staat sal stel om sy eiendom meer sinvol te ontwikkel en toegang te vergemaklik;
  (iii) Weens die vorm daarvan, Erf 331 nie sinvol benut sal kan word om Hoogstraat uit te brei nie, en die instandhouding van hierdie eiendom deur die koper vir die Munisipaliteit tot voordeel strek;

(d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
  (i) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksaansoeke (hersonering, konsolidasie, ens);
  (ii) Daar van die raadsprokureur se dienste gebruik gemaak word om die verkoopooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;
  (iii) Enige voorgenome verbeterings op die gekonsolideerde eiendom sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruiksparameters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê sal moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die koper bekom word dat hy tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;

7.9/…

(g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

7.10 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ONGEREGISTREERDE ERF 5481, MOORREESBURG (15/3/1, 12/2/5/2-9/2)

Die Raad het in 2012 goedkeuring verleen dat ongeboude gedeeltes van Groendeweide-, Alfa- en Sesde Straat, Moorreesburg (Hooikraal) wat ±1,3797 hektaar groot is uit-die-hand aan B & S Trust vervreem word.

Die ontwikkeling soos beoog deur B & S Trust op erwe 3952, 5564-6501, 5607-5611 het nooit gerealiseer nie, en die gedeeltes straat is nie aan B & S Trust oorgedra nie. Intussen is toestemming verleen gedurende September 2014 om die Algemene Plan H32(2301) met die skep van erf 5481 (voormelde gedeeltes straat) te wysig.

Die B & S Trust, wat steeds die eienaar van die aangrensende grond is, het nou weer aansoek gedoen om Erf 5481 te koop ten einde hierdie grond as privaatpad met beheerde toegange by die voorgestelde ontwikkeling van Erwe 5564-5611 Hooikraal, Moorreesburg in te sluit.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat Erf 5481, Moorreesburg (± 1,3797 ha) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan B & S Trust om geïnkorporeer te word by die beoogde ontwikkeling van Erwe 5564 tot 5611, Moorreesburg, en wel ten bedrae van R83 000,00, BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde grond tans nog onopgemaakte publieke strate uitmaak, en nie vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:
  (i) Die betrokke gedeelte grond as ‘nie-bestaanbare bate’ kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie op sy eie as ‘n afsonderlike entiteit ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan ‘n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
  (ii) Die beoogde groter ontwikkeling in die toekoms behuisingsgeleenthede sal ontsluit, wat aansluit by Strategiese Doelwit 3.5 van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik om vanuit ‘n ruimtelike perspektief volhoubare ontwikkeling te help bewerkstellig;
  (iii) Die instandhouding van die betrokke eiendom as privaat pad vir die Munisipaliteit tot finansiële voordeel strek;

(d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
  (i) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksaansoeke;
  (ii) Die proses om die publieke straat te sluit, suksesvol deurloop moet word;
  (iii) Daar van die raadsprokureur se dienste gebruik gemaak word om die verkooppooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;
  (iv) Die voorgenome ontwikkeling op die betrokke gedeelte grond sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruiksparameters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê sal moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

7.10/…

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die kopers bekom word dat hulle tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;

(g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

7.11 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 2716, YZERFONTEIN (15/4/1, 12/2/5/2-14/2)

Die eienaar van erf 2789, Yzerfontein beoog om 'n winkelsentrum (ongeveer 2520 m² groot) op die eiendom te ontwikkel.

Die Raad het Erf 2716 (4728 m² groot) gedurende die loop van 2016 vanaf Yzerfontein Property Developers (Edms) Bpk teen 'n bedrag van R1.6 miljoen aangekoop, aangesien die gedeelte grond geoormerk is vir die opgradering van die Hoof-/Buitekantstraat-kruising. Na afloop van die ontwerp van die voorgestelde pad het die Munisipaliteit 'n gedeelte oorskotgrond van ±1147 m² tussen die winkelsentrum en die beoogde pad beskikbaar.

Aangesien die eienaar van Erf 2789 nie in staat is om al die vereiste 101 parkeerplekke op sy eiendom te ontwikkel nie, word aansoek gedoen om die gedeelte van Erf 2716 (± 1147 m² groot) te koop, ten einde die tekort in die vereiste parkeerplekverhouding van 4 parkeerplekke per 100m² aan te spreek.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte van Erf 2716, Yzerfontein (± 1147 m² groot) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan Yzerfontein Place (Pty) Ltd vir konsolidasie met Erf 2789, Yzerfontein, en wel ten bedrae van R458 800,00, BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde grond as surplus beskou word aangesien dit nie benodig word vir die opgradering van die Hoof-/Buitekantstraatkruising nie, en dus nie benodig word vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
   (i) Die betrokke grond as 'nie-bestaanbare bate' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie op sy eie as 'n afsonderlike entiteit ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
   (ii) Die voorgestelde konsolidasie van gemelde grond met Erf 2789 en die ontwikkeling daarvan vir kommersiële doeleindes, aansluit by Strategiese Doelwit 3 van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, naamlik om ekonomiese geleenthede te ontsluit, mobiliteit en ekonomiese skakels te verstewig en om die ekonomiese potensiaal van Swartland-wyke (in hierdie geval wyk 5) te fasiliteer;
   (iii) Die ontwikkeling en werksgeleenthede wat uit die ontwikkeling van die grond voortspruit as buitengewoon voordelig geag word vir die betrokke gemeenskap, en dit nie in die beste belang van die Munisipaliteit of die gemeenskap in die algemeen sal wees om 'n mededingende proses te volg nie;

(d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
   (i) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksaansoeke (hersonering, konsolidasie, ens);

7.11(d)/...

(ii) Daar van die raadsprokureur se dienste gebruik gemaak word om die verkoopooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;

(iii) Die voorgenome ontwikkeling op die gekonsolideerde grond sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruiksparameters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê sal moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die koper bekom word dat hy tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;

(g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

7.12 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

BESLUIT

(a) Dat raadslede kennis neem dat enige veranderinge in die aard of detail van die finansiële belange van ‘n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000.00 oorskry;

(b) Dat kennis geneem word dat enige wysigings van die besonderhede soos na verwys in paragraaf (a), teen nie later nie as 7 Februarie 2018 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

GETEKEN:
SPEAKER